

Oertaal tot toekomstaal: Afrikaans se komvandaan staan soos 'n paal bo water

In dieselfde jaar (1991) wat MICHAEL JONAS en SYBRANDUS ADEMA mekaar in 'n Stellenbosse Afrikaans-Nederlands-klas raakgestudeer het, het Max du Preez besoek afgelê by die Afrikaanse Taalmonument op Paarlberg. Intussen het die VWB "gesterf" en herleef, en het Michael en Sybrandus mekaar "verloor" en weer gevind – dié keer by die einste monument wat in 2020 45 jaar jonk is. Dié repliek op Max se skrywe is dalk laat, maar liever laat as nooit.

- 22 NOVEMBER 2019
- [MENINGS & DEBAT](#)
- 11 MIN OM TE LEES
- Michael Jones & Sybrandus Adema



*BOERE-STONEHENGE ... Die Taalmonument in die Paarl.
VERSKAF*

Die opskrif van Max du Preez (MdP) se kritiese artikel in Januarie 1992 was: " 'n Boere-Stonehenge om apartheid te herdenk?"

Michael Jonas (MJ): Dis 'n kwessie waarmee die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) ewigdurend gekonfronteer sal word. Een van ons belangrikste missies is om "miskende" of verplaaste

geskiedenis van Afrikaans na te vors en 'n verskerpte fokus op Afrika-kennisleerstelsels te plaas as deel van 'n groter dekolonialiseringsproses.

Daarom dat ons klem lê op Oranjerivier-Afrikaans, op Arabies-Afrikaans, op al die mense wat Afrikaans help skep het. As 'n kontaksones vir veral Afrikaanssprekendes poog die ATM om deur ons programme en aktiwiteite ruimtes te skep vir kritiese denke en debatvoering sodat besoekers hul eie sienings kan vorm terwyl persepsies, veral vooroordele, uitgedaag word.

Sybrandus Adema (SA): Daar was redes om negatief te wees oor die "Taalpaa(r)l", die "taaltollie" (fallus must fall!) en die wit, eksklusiewe Afrikanernasionalisme waaraan dit destyds gekoppel is. Die sterk gevoelens wat die monument steeds by sommiges ontketen, kan ook teruggevoer word na die omstrede beplanning aan dié gedenkteken. 'n Belangrike kritiek is uiteraard dat die monument eintlik in die Bo-Kaap moet wees, daar waar Afrikaans eerste (in Arabiese skrif) geskryf is en die ware vermengde herkoms van die taal en sprekers beslag gevind het.

Hoewel die ATM, wat uit die monument op die berg en die huismuseum in die dorp bestaan, dit duidelik maak dat Afrikaans organies op verskeie plekke ontstaan het, is dit wel waar dat baie van die taal se amptelike erkenning deur aktiviste in die Paarl gedryf is.

MdP: Nou hoekom het 'n lewende taal 'n monument nodig? Monumente is mos eintlik daar om dooie goed en gebeure van die verlede te herdenk, of hoe? Is daar 'n ander taal in die wêreld waarvoor daar 'n monument opgerig is?

MJ en SA: Die idee van 'n monument (oftewel plek van herinnering) is om geskiedkundige gebeure te gedenk, en die ontstaan van een van Afrika se jongste tale val sekerlik daaronder. Die ATM poog om die volledige ontstaangeskiedenis van Afrikaans en haar huidige gebruiksvorme in verskillende kontekste te bewaar en aan die groot klok te hang.

Die argitek, Jan van Wijk, se visie was dat dit 'n lewende monument moes wees. Daarom dat ons onder meer met boekbekendstellings, musiekkonserte en gereelde uitstallings van opkomende Afrikaanse digters (tans Blaq Pearl van *Afrikaaps*-faam), asook die finale van die gewilde Rieldanskompetisie spog. Die Taalmonument vier Afrikadag jaarliks deur onder meer gratis toegang aan alle mede-Afrikane te bied.

En ja, daar is ander taalmonumente. Volgens Ottar Grepstad se *Language Museums of the World* (2018) is daar minstens 80 monumente en (digitale) sentrums gewy aan tientalle tale wêreldwyd; die oudste dateer van die laat 1800's en nog word beplan. Grepstad skryf voorts dat elke

gemeenskap 'n kultuur van herdenking moet hê om te kan bestaan, want daar is 'n noue verwantskap tussen die kultuur van herdenking en die vorming van (taal)gemeenskappe.




***OU VRIENDE ...** Sybrandus Adema en Michael Jonas by die gedenkteken op die plek waar Nelson Mandela in KwaZulu-Natal in hegtenis geneem is.
VERSKAF*

MdP: En toe, so half as 'n token, gooi Van Wijk toe die stomp stukkie muur in ter erkenning van die mense wat die taal eerste gepraat en geskryf het.

MJ: Wat die monument se elemente verwysende na die taal se Afrika- en Suidoos-Asiatiese wortels betref, sal die proporsies in terme van ruimte en omvang altyd debatteerbaar wees. As dit by die biografie van Afrikaans kom, is daar dikwels strydige menings, maar dit is tog duidelik dat 'n unieke taal geskep is danksy kommunikasie tussen plaaslike inwoners, skipbreukelinge en slawe uit die Ooste, tesame met taalbeïnvloeding, -kontak en -verstoring.

Van Wijk se ontwerpbenadering en simboliek bied gelukkig 'n geleentheid om die bydraes uit Asië en veral Afrika te belig, want hy en andere het daarop aangedring dat dit deel van die monument moet wees.



SA: Hulle is inderdaad kleiner, maar Van Wijk se visie was dat die monument besoekers die geleentheid bied om hul verbeelding te gebruik en dat elkeen se interpretasie sal afhang van hul verhouding met Afrikaans. Die Europese suile word kleiner soos dit by die hoofsuil inskakel, wat Europese tale se kleinerwordende invloed op Afrikaans simboliseer, terwyl die Afrika-koepels groter word soos dit nader aan die hoofsuil kom om Afrikatale se groterwordende invloed op Afrikaans te simboliseer.

Al die elemente, asook die fontein waarin die hoofsuil staan en die feit dat die hoofsuil bo oop is, simboliseer die wortels en waters wat die groeiende

"boom" Afrikaans voed. Dit sou wel goed wees as die Iziko Bo-Kaapmuseum (eens die huis van 'n familielid van Imam Abu Bakr Effendi, wie se groot rol in die ontwikkeling van Arabies-Afrikaans deur die Taalmonument beklemtoon word) groter nadruk op Afrikaans se mede-ontstaansgeskiedenis in die Bo-Kaap plaas.

MdP: Ek wil nou nie namens mense praat wat ewe goed of beter namens hulself kan praat nie, maar ek kan my nie indink dat daar 'n enkele bruin Afrikaanssprekende siel kan wees wat hoegenaamd met dié monument kan assosieer nie.

MJ: Reeds vroeg in my wordingsjare was ek terdeë bewus van die belangrikheid van taal in die skepping van identiteit, draer van kultuur en watter bepalende rol die gebruik en misbruik van taal in mense se lewe kan speel. As jongeling was die monument, net 'n paar kilometers van my huis, beslis nie vir my 'n welkome struktuur waar ek omarm sou voel nie. Ek het dit gesien as manifestasie van 'n wit Afrikanernasionalisme, asook 'n simbool van onregmatige toeëiening én uitsluiting omdat hierdie kulturele bate, Afrikaans, tog die eiendom van 'n diverse groep sprekers is.

In 'n berekende en goed georkestreerde strategie is die taal vir korttermyn- politieke gewin gekaap en ter wille van mobilisering misbruik. Die kaping van Afrikaans het gelei tot die verbrokkeling van verhoudings tussen Afrikaanssprekendes op grond van ras, en daar was 'n doelbewuste gebrek aan erkenning van die bydraes van ander Afrikane tot die ontwikkeling van Afrikaans.

Dié bydraes strek terug tot 1595 vanweë hul kontak met Nederlandse seevaarders. Dit, volgens die befaamde taalkundige Christo van Rensburg, kan beskou word as die eerste periode in die geskiedenis van Afrikaans.

Teen 1626 was daar al 'n lysie van 31 Khoi-woorde, lank voor die vestiging van 'n verversingspos aan die Kaap. Hierdie feite is dikwels weggelaat uit hoofstroomdebatte, ten spyte van die feit dat die bydraes van die Khoi, slawe, Moslems en ander inheemse tale welbekend en deeglik nagevors is.

Die geskiedkundige gebrek aan erkenning vir streekvariëteite het die sprekers van Oranjerivier-Afrikaans, Nama-Afrikaans, Griekwa en Kaaps vervreem en tot 'n verengelsingproses onder baie gekleurde Afrikaanssprekendes lei.

Maar wat wel opvallend is, is dat voorheen gemarginaliseerde Afrikaanssprekendes besig is om die taal, en die monument, op te eis en

eienaarskap te neem. Die gedeelde bestaansgeskiedenis, as tema en narratief, is stelselmatig besig om sy weg tot in hoofstroomdebatte en -literatuur te vind. Al hoe meer bruin en swart Afrikaanssprekendes betree die openbare domein via die media en kulturele bedrywe, waar hul stemme tel.

SA: Die beste manier om die taal te "ontkaap" is juis om hierdie beeldskone plek as 'n ontmoetingspunt te gebruik. Ons uitreikprogramme na plaaslike gemeenskappe, somerpieknieks en ander geleenthede het al baie bereik om brûe tussen Afrikaanssprekendes onderling en tussen Afrikaanses en andere op te bou; dis deel van 'n herstelproses wat landwyd plaasvind.

Die museum gaan byvoorbeeld voort met die opteken van onbekende Afrikaanse volksverhale in die Noord-Kaap en bied lesings oor die Maleise invloed op Afrikaans en die Afrikaans van die Kaapse Moslems aan. Die demografie van die huidige personeelkorps en raad is boonop allermins dié van die 1980's.



MdP: Miskien is die enigste sinryke voorstel om dit te herinterpreteer en dit wel te laat dien as monument vir 'n vergange era waar Afrikaners die land oorheers het. 'n Monument, dus, wat ons nageslagte sal herinner aan die tyd toe apartheid die heersende ideologie was.

MJ: Die Afrikaanse taalgemeenskap moet eerder daartoe verbind wees om, binne 'n konteks van veeltaligheid, verhoudings met alle Suid-Afrikaners te bou, interaksie te stimuleer en versoening en maatskaplike samehörigheid bevorder.

Die ATM se mure is juis poreus; dit is 'n ruimte waar die gemeenskap welkom is om te debatteer oor identiteit, verlies aan identiteit en die skep van 'n nuwe gemeenskaplike identiteit. Waar ons in die verlede weens ons verskille apart gehou is, het ons nou die geleentheid om ons verskille te gebruik om eenheid in die land te bewerkstellig.

SA: Die Paarlse taalbaba is dalk deels in sonde gebore, maar dit is nie nodig om die baba met die badwater uit te gooi nie. Van die negatiewe

gebeure in die verlede wat "in die naam van of ter wille van Afrikaans" gepleeg is, kan nie ongedaan gemaak word nie. Wat ons wel kan doen, is om te beklemtoon dat dit in feite "NIE ter wille van Afrikaans was NIE". Wat ons doen, is om die liefde vir Afrikaans met 'n liefde vir Afrika en ander Afrikane te verbind, en met die duisende tale wat ons en ons mede-Afrikane geskep het.


'n Mens kan sinies wees oor die stergee-stelsel wat ons lewe binnegesypel het, maar op TripAdvisor, Google Maps en Facebook kry die Taalmonument 4.5 sterre en meer van 'n diverse groep besoekers, baie van hulle Suid-Afrikane wat nie Afrikaans as huistaal of tweede taal ken nie.

Ook www.taalmonument.co.za word maandeliks deur duisende mense besoek waar jy in ses tale (ook Xhosa) volledig oor die monument se simboliek ingelig kan word. 'n Opsomming daarvan verskyn in 22 tale, insluitend al 11 amptelike landstale. Vir navorsingsdoeleindes het die tuiste ook 'n blad gewy aan artikels oor Afrikaans, die monument en veeltaligheid. Google "Taalmonument" – selfs met woorde soos "krities" of "critical" daarby – en sien hoe moeilik dit is om negatiewe beskrywings of artikels oor die ATM te vind.

MdP: Dié starre, reusagtige granietkolos roer my nie. Dit is outoritêr, koud en dood en hard.

MJ en SA: Besoekers bring hul eie idees, sienings en emosie na die monument, en almal is geregtig op hul opinie. Oor mooi en lelik kan 'n mens nie stry nie, maar die meeste besoekers dink dis pragtig en baie het 'n sterk emosionele band met die plek. Die betonmengsel waarmee die monument gebou is, bestaan juis uit onder meer Paarl-graniet om by die natuurlike omgewing in te pas. Hierdie ikoon word toenemend gebruik vir die verfilming van internasionale rolprente, mode-skote en om as agtergrond van troufoto's te dien.

Ons meen die Taalmonument is suksesvol herposisioneer, herinterpreteer en by die omliggende gemeenskap geïntegreer om Afrikaans se totale komvandaan te erken en te vier. Daar is altyd werk wat voorlê, maar intussen is dit 'n simbool van hoop, nie net vir Afrikaans nie, maar vir alle tale van Afrika.



En dit bring ons terug na ons eie verdeelde verhale en gedeelde verhaal:

MJ: Wesenlike parallele kan getrek word tussen ons vriendskap van byna 30 jaar en die pogings om die ATM te herposisioneer as 'n instelling vir samehorigheid onder Afrikaanssprekendes. 'n Narratief wat sy aanvang neem met twee individue uit totale uiteenlopende wêreld, klas- en rasagtergronde. Om die ontmoeting en daaropvolgende vriendskap meer kompleks te maak, om die minste te sê, die verskillende benaderings tot gebruik van variëteite van Afrikaans. Ek kan duidelik onthou hoe Sybrandus my voortdurend herinner het dat vir elke Engelse woord en gesegde 'n soortgelyke of 'n ekwivalent in Afrikaans bestaan.

Tog was ek vanaf 'n jong ouderdom vas oortuig dat daar speels en kaalvoet met Afrikaans, as een van die wêreldse jongste tale, omgegaan moet word. Dis van kardinale belang dat die sosiale, politieke en emosionele aspekte van alle Afrikaanssprekendes op voetsoolvlak erkenning moet geniet om sodoende 'n gevoel van eienaarskap te bewerkstellig.

Voorts was ek ook van mening dat dié taal nie in isolasie lewe nie, maar voortdurend beïnvloed, of beïnvloed word, en leen uit ander taalgemeenskappe. Wyle prof. Johan Combrink se stelling in ons morfologieklas sal my altyd bybly: "Vandag se omgangstaal is môre se standaardtaal."

SA: Dit was tragies dat Afrikaanssprekendes van mekaar geskei is, terwyl die taal juis sterker en aantrekliker is deur 'n groter verskeidenheid te omarm. Dit was eers op universiteit dat ek danksy Michael en andere 'n normaler omgang met die totaliteit van Afrikaanssprekendes kon hê, en toe was dit ook nog maar net die begin. Ons het oor baie dinge gepraat, soms veral oor Afrikaans.

Vir my is dit 'n belangrike, interessante, skeppende ankerpunt met Afrika en ander Afrikane; vir ander mense is 'n taal bloot funksioneel en bly eentalige, steriele Engelsheid die einddroom. Afrikaans was nooit die probleem nie, sommige Afrikaanssprekendes was en is steeds.

Gelukkig draai die wiel – om nou vir Michael en sy familie in Rosendal vir Kersfees te ontvang en "uncle" genoem te word, is tog hoe dit behoort te wees. En nou, as direkteur en kommunikasiebeampte van die Taalmonument, kan ons twee saam jaarliks sien hoe die normaliteit na Afrikaans terugkeer.